# KOERSVAS

Jaargang 11 Uitgawe 211
17 Februarie 2023

Koersvas is die mondstuk van die GHG. Standpunte in die *Redaksioneel* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie.
Redakteur: Dr Johan Otto

**In hierdie uitgawe:**

**Redaksioneel**
**Berigte**
**Kennisgewings**

## REDAKSIONEEL

**Universiteit versus Teologie**

Die liberaliste se stormloop op teologiese fakulteite in Suid Afrika (en eintlik die res van die Weste) is so te sê voltooi en dan sal die storms ook uitgewoed wees. Opspraakwekkende uitsprake deur sogenaamde teologiese dosente is vir meer as twee dekades reeds nuuswaardig hier by ons. Sake soos die Opstanding, die Maagdelike verwekking, die historisiteit van die uittog, die historisiteit van Dawid en selfs die gesag van die Skrif het onder skoot gekom van die 'hooggeleerde' opleiers van ons predikante.

Die verbintenis van die drie tradisioneel-susterskerke met tersiêre opleiding gaan terug na die vorige millennium. Die opleiding van NHKA predikante is reeds vanaf 1917 gedoen aan die UP (eers Transvaal universiteit kollege - TUKS). As studente het ons die mede-studente aan die wal van die Mooirivier geterg met 'PU vir CHO - uitgespreek net soos 'n ondeunde jongmens kan. Die Gereformeerde kerk se verbintenis met die eertydse Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (nou NWU) kom nou tot 'n einde.

Die Potchefstroom Herald berig: "*Die Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika (GKSA) het op Saterdag, 4 Februarie tydens die Sinode 2023-sitting besluit om nie ‘n nuwe ooreenkoms met die Noordwes Universiteit (NWU) rakende die Teologiese Skool te onderteken nie. Praktiese gevolge van hierdie besluit is dat die bestaande ooreenkoms met die NWU rakende die Teologiese Skool oor 3 jaar tot ‘n einde sal kom en dat die GKSA ‘n privaat hoër onderwys instelling genaamd, Die Gereformeerde Teologiese Akademie, sal oprig. Hier sal studente in die toekoms geakkrediteerde teologiese opleiding kan ontvang. Die NWU en GKSA se paaie sal nou na 150 jaar skei. Die NWU se Fakulteit: Teologie sal steeds soos normaal funksioneer en slegs die program waarin studente van die GKSA inskryf sal oor drie jaar uitgefaseer word."*

Hierdie oorname van teologiese opleiding deur die liberaliste en die staat het nie oornag gebeur nie. As destydse voorsitter van die Kuratorium het ek reeds in Junie 2009 die NHKA gewaarsku teen die oorgawe van beheer aan die owerhede. My brief aan die Kommissie van die AKV lui deels as volg:

*"Insake Kontrak met UP - Geliewe hiermee kennis te neem dat ek hierdie brief in my private hoedanigheid skryf en nie as voorsitter van die Kuratorium nie. ... Ek het in die dae na afloop van die laaste vergadering van die Kuratorium (19 Mei 2009) tot die gevolgtrekking gekom dat die Kommissie nie op hierdie stadium die kontrak met UP moet onderteken nie. Die strooi wat die kameel se rug gebreek het, is die toekomstige aanstelling van ‘n dosent aan UP.*

*... Die kontrak wat nou onderteken word, verskil wesentlik van die vorige op ten minste twee plekke. Die eerste is dat dit nie vir 'n beperkte termyn is nie. Dit kan positief ervaar word, maar is anders as die verwagting van die AKV dat dit vir net 5 jaar sal wees (vgl. besluit 2.1 bladsy 69 68e AKV). Hierdie punt alleen regverdig dalk nie die uitstel van die ondertekening nie. Die tweede saak verswaar egter hierdie onbeperkte kontrak. Dit het duidelik geword uit die bewoording van die kontrak en uit die praktiese uitvoering dat die Kerk feitlik alle seggenskap in die aanstelling van dosente prysgee. Die dekaan ('n NGK lidmaat) bepaal in watter departement en in watter dissipline die aanstelling gedoen moet word, na aanleiding van die fakulteit se behoeftes. Dit staan in direkte kontras met die wil van die Kerk. "Dit was daarom vir die Kerk belangrik om met die Universiteit van Pretoria ooreen te kom dat dosente wat Hervormde studente oplei, op uitsluitlike aanbeveling van die Kerk aangestel word." (Besluite bundel 68e AKV bladsy 64 van verslag wat aanvaar word) "alhoewel die voltyds-permanente pos van Kerkgeskiedenis nie nou gevul word nie, word die belang van die van Kerkgeskiedenis … onverkort te handhaaf" (vgl. besluit 2.2 bladsy 69 68e AKV)."*

My brief is verwerp, ek is verguis en hierdie brief saam met my standpunt dat die NHKA weg moes beweeg van die UP, het gemaak dat dosente toe selfs 'n mosie van wantroue in my as Kuratorium voorsitter voorgestel het (Belaglik indien mens in ag neem dat hulle net spreekreg by die Kuratorium se vergaderings gehad het).

Daarmee saam het dit tydens die egskeiding van 'n dosent duidelik geword dat die tugstappe van die Kerk nie deur die universiteit geduld sou word nie. Die kerk kon niks doen aan die doseer program van die dosent nie, kon net preekvergunning terugtrek. Die universiteit se rasionaal was dat die dosent net soos ander dosente behandel moet word. Dieselfde het duidelik geword ten tye van die dosente se groeiende bravade ten opsigte van sogenaamde teologiese uitsprake. "In die klaskamer geld akademiese vryheid." In die klaskamer kon dosente alles bevraagteken in die bose gees van 'wetenskaplikheid'. Die geloof van selfs teologiese studente wat in die slag gebly het, was nie vir hulle van belang nie. Ek was in breër konteks nie alleen nie, Die NGK fakulteit het met Kuratorium hulp ontslae geraak van die protesaksies van studente soos Ferdi Mulder (lees meer by https://www.glodiebybel.co.za/ferdie-mulder). In die NGK self was daar publikasies soos "Die Trojaanse perd in die NG kerk" geskryf deur besorgde lidmate en leraars soos dr Henrietta Klaasing en ds. Gideon Aggenbag.

Die liberale kanker van vrysinnigheid het tuisgekom in al die teologiese fakulteite van universiteite waar die Kerk nie tugbevoegdheid het nie. By 'n ander geleentheid sal ons net moet gaan kyk na die aandrang op sogenaamde 'wetenskaplikheid'. Ek is van oortuiging dat ons meestal kan praat van 'akademies gedissiplineerd'. Die gesprek moet gevoer word.

Die GKSA het die regte besluit geneem. Die eerste taak van die teologie departement is om predikante op te lei vir die kerk en in die besonder die eie Kerk. Dosente se geleerdheid is nie in vrysinnigheid terug te vind nie. Hulle effektiwiteit is onder andere geleë in hulle vermoë om ernstig, gedissiplineerd en relevant met die Skrif om te gaan en die studente dieselfde vaardighede aan te leer.

Ons sien uit na die uitbouing van 'Die Gereformeerde Teologiese Akademie'. Saam met die APA en in samewerking met alle belanghebbendes kan ons

seker maak dat die getrouheid aan die Here staande bly, ten spyte van die verval en verwording van teologiese fakulteite aan die tradisionele universiteite. Dr J Otto Premiermyn

Lees ook:
https://proregno.com/2011/08/01/boekbespreking-opgestaan-%E2%80%93-deel-4-verdagte-teoloe/
https://www.gelofteland.org/index.php/ons-god/7594-skokkende-verraad-van-ng-kerk

## BERIGTE

### GHG BESTUUR

Die GHG dagbestuur vergadering van 3 Februarie 2023 het goed verloop Hulle wil graag die volgende onder u aandag bring:

**Ds Piet Rautenbach**
Baie geluk aan ds Piet Rautenbach van Gemeente Stilfontein wat op 29 Januarie 2023 emeritaat aanvaar het. Met die aanvaarding van emertitaat het dit ons gemeentes met vakante standplase op twee te staan gebring, by name Gemeentes Stilfontein en Oostelike Pietersburg.

**Bondsvergadering 2023**
Plek: Gemeente Koster
Datum: 10 tot 12 September 2023
Tema: Beskrywingspunte sal hanteer word en die hooftema vir bespreking is die "Toekomstige bediening in die Bond".
Die nodige dokumentasie en verdere inligting sal eersdaags versend word.

**Predikante Beraad 2023**
Plek: Gemeente Theresapark
Datum: 13 & 14 April 2023
Kostes: R100/ persoon betaalbaar in die Bond se rekening, voor of op 31 Maart 2023. (Verwysing – Beraad met van – Bv Beraad Marais)
Tema: Toekomstige bediening in die Bond – die tema wil graag fokus op die tekort aan predikante en die wyse waarop hierdie probleem aangespreek kan word.

**Barmhartigheid**
Gemeente Wesrand het 'n Barmhartigheidsfonds op die been gebring met die oog op toekomstige hulpverlening in die Bond. Meer inligting sal later aan u gekommunikeer word. Verder wil die komitee vir barmhartigheid graag 'n databasis saamstel wat betref bekostigbare behuising en tuisversorging vir bejaardes. Weens finansiële druk is daar 'n al groter behoefte onder ons bejaarde lidmate vir hierdie dienste en daarom wil die Barmhartigheidskomitee graag van u hulp gebruik maak om hierdie lidmate op so 'n wyse by te staan.

**Hofsaak**
Daar is tans geen nuwe inligting wat gekommunikeer kan word nie. U word verwys na die omsendskrywes gedateer 25 Oktober 2022 en 7 Desember 2022.

**Finansiële sake**
Rakende die versorging van predikante wil ons gemeentes waar predikante onder skaal vergoed word, aanmoedig om asseblief na gelang van beskikbare fondse, opwaartse aanpassings te maak wat betref die materiële versorging van u leraar. Alhoewel hierdie 'n saak tussen die predikant en gemeente is, wil ons u graag aanmoedig om ernstige aandag aan die

versorging van u leraar te skenk. Die woorde van dank wat Paulus in Filippense 4 tot die gemeente in Filippi rig, plaas ‘n pragtige perspektief op offervaardigheid tot uitbreiding van God se koninkryk: 15 Julle in Filippi weet ook dat in die begin van my evangelieprediking, na my vertrek uit Masedonië, geen enkele gemeente behalwe julle 'n aandeel gehad het aan my rekening van inkomste en uitgawe nie. 16 Ook toe ek in Tessalonika was, het julle meer as een maal iets vir my behoeftes gestuur. 17 Dit gaan vir my egter nie om die gawe nie, maar om die vrug daarvan: daardeur word julle self ryker.
Indien u enige riglyne rakende traktementskale verlang kan u gerus met ds Frans Marais kontak.

### LITIGASIE

Ons wag op die uitspraak van die hoogste hof van appél in Bloemfontein. Indien die hof in ons guns beslis, is dit steeds nie die einde van die stryd nie. Die NHKA het dit duidelik gemaak dat hulle sal voortgaan met die teeneis en dat hulle hierdie "geskepte" klein gemeentes sal bystaan in hulle eise. Die stryd om geregtigheid te laat seëvier duur dus voort. Gemeentes en lidmate word vriendelik versoek om **weer by te dra tot die regsfonds.** By voorbaat dank.

## KENNISGEWINGS

### LEWENSBROOD 2023


Lidmate en gemeentes neem kennis, daar is nog 33 eksemplare van Lewensbrood beskikbaar by die drukkers. As u sou belangstel en nog nie ‘n kopie daarvan bestel het nie, kan u vir Ella kontak sodat reëlings getref kan word vir die versending daarvan.
Vriendelike groete.
ella@geloofsbond.org.za

### KOERSVAS

U word uitgenooi om berigte, artikels en nuus deur te stuur vir publikasie. Geliewe seker te maak dat die berigte, foto's en advertensies een week voor publikasie deurgestuur word na johan.otto@geloofsbond.org.za
Koersvas en Die Skietlood sal hierdie jaar verskyn op:
20 Januarie
17 Februarie
17 Maart
21 April
19 Mei
16 Junie
21 Julie
18 Augustus
15 September
23 Oktober
17 November
15 Desember

### DRUKWERK

*Paul en Ella help graag met:*
*Kalenders*
*Kwitansieboeke*
*Offergawe boeke*
*Dames Kwitansieboeke*
*Konsistorie boeke*
*Reklame plakkate en ander drukwerk*
*ella@teamworkprinters.com*


The GREAT GATSBY
GLANSGELEENTHEID
Met kabaretster,
Elzabé Zietsman
Saterdag 11 Maart 2023 om 10:00 vm
Kaartjies: R220
Kom kuier heerlik saam in egte Gatsby styl.
Pryse te wen.
"Antique" - veiling.
Kaartjies
Plaaslik Alta @ 082 682 1252
Aanlyn Danie @ 082 926 4326
Premiermyn Hervormde Kerk, Cullinan.
Zonderwaterstraat 6, oorkant die hof.